Preekvoorligting Sondag 13 Januarie 2019

Skriflesing: Kolossense 3:18 – 4:1 **Teksverse: Kolossense 3:23**

Tema: Die opdrag en werklikheid van ’n “nuwe begin” – tydgerig en tydloos

Dit is so dat ‘n mens aan ‘n begin van ‘n jaar vir jou ‘n paar doelwitte stel, dinge wat jy graag wil doen of bereik. Die ou jaar met sy suksesse maar ook mislukkings is verby en is dit ’n boek wat ’n mens maar kan toemaak. Dit is nou ’n nuwe jaar met nuwe uitdagings en nuwe moontlikhede en sekerlik, so weet ons uit ondervinding, ook met sy eie kwota van onsekerhede en beproewings. En dit bring ’n mens onvermydelik by die vraag: Wat gaan anders wees as die vorige jaar? In antwoord hierop die gedeelte wat ons gelees het in die brief aan die Kolossense.

1. Die opdrag en werklikheid van ’n “nuwe begin” – tydgerig

Paulus skryf aan die gemeente van Kolosse oor ’n “nuwe begin” vir hulle. Wonderlik, hierdie mense se lewensomstandighede het verander sodat daar vir hulle ’n “nuwe begin” kon wees. Die rede vir die “nuwe begin” nie die verandering van lewensomstandighede nie, maar dat hulle Christus as Verlosser/Saligmaker ontvang het. Dit verander alles, nie net in die sin dat daar nou ’n “nuwe begin” is nie, maar ook geheel en al ’n nuwe lewe van “gelowiges wees”. Nou vers 23: *“En wat julle ook al doen, doen dit van harte vir die Here en nie vir mense nie.”* Hierdie is die opdrag aan slawe van destyds (tydgerig), hulle wat na die reël geen betaling vir hulle werk ontvang nie, nie lof toegeswaai was vir wat hulle gedoen het nie, nie met deernis behandel is nie, inteendeel, hulle is dikwels mishandel en die bo-menslike van hulle verwag. Tog sê Paulus vir hulle: *“Wat julle doen, doen dit van harte vir die Here en nie vir mense nie”*. Hulle opdrag is om in alles wat hulle doen en moet doen, die fokus op God te hou – ’n nuwe lewenswyse en dit is vir hulle moontlik vanweë hulle vrees van die Here (vers 22), die feit dat Christus deel is van hulle lewe.

2. Die opdrag en werklikheid van ’n “nuwe begin” – tydloos

Ons weet dat God se Woord, in hierdie geval die woorde van Paulus, tydloos is, dus bedoel vir alle gelowiges van alle tye. Dit is hier waar ons as gelowiges ter sprake kom in die sin dat die volgende woorde van vers 23 ook vir ons bedoel is nl. *“En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie*”. Hierdie oproep natuurlik omdat ons, soos die gelowiges van Kolosse, ook God vrees. God het ons elkeen se lewe ingetree deur Jesus Christus met die gevolg dat ons nie gebly het wat ons was nie – verlorenes, maar geword het wat ons nou is – gereddes. Gereddes wat deur die werking van die HG in hulle, hul redding moet openbaar deur hulle nuwe lewe. Dit gebeur deur “wat ons ook al doen van harte te doen soos vir die Here”. Die Here God is dus die fokus van alles – niks wat ons doen is dus minderwaardig of waardeloos nie, alhoewel mense dalk so kan dink en sê, want dit word gedoen vir die Here en nie vir mense nie. Hoe wonderlik – skielik pas alles iewers in, iewers in God se plan, want dit wat ons doen soos vir die Here, het die Here ons gegee om te doen.

Slot

Hierdie jaar kan anders wees, maar doen moet ons die woorde van Kol 3: 23 ter harte neem: *“En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie”*. Vir ons die opdrag duidelik in die bevestiging van die werklikheid van ’n “nuwe begin”: Geen slap hande en lam knieë nie, geen swartgallige uitkyk met ’n swaar gemoed op dit wat voorlê nie, maar ’n vaste voorneme om wat ek ook al doen, met hart en siel te doen, vir my Here, my Eienaar en Besitter. Die rede: Die wonder van die werklikheid van die “nuwe begin” in Christus Jesus die Here. My belydenis daarom: 2019 en elke dag vir my ’n “nuwe begin” omdat ek God vrees (vers 24).